

SPOEG IN DIE GRAS

E: spittle bug, cuckoo spit, snake spit, frog spit, A: skuimbesie, seemeuspoeg, slangspoeg

D: Schaumzikade, Kuckucksspeichel



Hoekom koekoekspoeg? Het te doen met die tyd wanneer dit te siene is, lente, wanneer die koekoek roep in Europa.

Wanneer ons as kinders in goeie reenjare deur die veld geloop het, het ons destyds al gegril vir en gewonder oor die "spoeg in die gras". Nooit kon ons sien wat sit binne-in nie. Laas jaar, waar dit tog BAIE gereen het, was daar weer baie "spoeg" in die gras. En ek het probeer sien, wie skuil daar, het probeer afneem.....GEEN KANS NIE! Die dingetjie is te vinnig, die skuim te klewerig. Ek het net gesien dat die goggatjie donker van kleur en redelik klein is, dalk een cm lank. Nou...

WAT IS DIT? Die baie snaakse noemname getuig daarvan, dat mense geSIEN, maar nie geWEET het nie, net geWONDER.

Dit is die jeugstadium (nimf), die tienerstadium so te se, van 'n soort besie wat aan die familie van die Cercopidae behoort. Hierdie besie is dan ook neef/niggie van die sonbesies. Die volwasse diertjie lyk gewoonlik donker met geel strepe/merke. Dit word selde gesien en daar is ook nie baie inligting oor die besie beskikbaar nie.

Wat ons WEET is, dat dit veral in nat jare te siene is, dat dit gewoonlik in grasse sit, af en toe in kruidagtige plante met sagte stingels.

Die besiekleintjie suig sap uit die plant, onttrek die voedingstowwe en skei die vog weer agter uit. Soos die vog uitgeskei word, klits dit dan die vloeistof met sy agterpote tot 'n stywe skuim om dan daarin te skuil, beskerm teen wind en weer (uitdroging) en teen honger inseketers.

Die skuimbesies kan baie goed spring, tot HONDERDKEER hulle eie lengte! en word ook takspringers genoem.

Ou boere beweer, dat hierdie "spoeg" giftig is en perdesiek oordra; ander meen dit maak beeste siek. Dra hulle werklik siektes oor, of is dit dalk so, dat die lewensomstandighede in nat jare vir kieme en hul gashere soveel beter is as in droe jare? En in nat jare sien ons die skuim in die gras, en ons sien, dat grasvretende diere siek word. Dit is ook nie onmoontlik dat die besies (plantsap suigende insekte) kieme/siektes op plante oordra nie.

Baie vrae, nie so baie inligting nie. Wie kan/wil nog iets bydra?

Vir verdere inligting: gee Bubble,Bubble spittle bug in, daar is inligting vir kinders. Dan is daar nog 'n klein video van ongeveer drie en 'n halwe minuut :spittle bug you tube, Duitse link: gee Schaumzikade in.

Inligtingsbronne: Dr.John Irish
Insects of Southern Africa (Clarke H Scholtz, Erik Holm)
Wikipedia
Teks: Anka Eichhoff
Fotos: "spoeg": Anka Eichhoff, volwasse besie: Peter Reiner

